

26 Augustus

**Skrifgedeelte: Hebreërs 13:7-18**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 13:17**

### **Gehoorsaamheid**

God eis liefde vir Hom en gehoorsaamheid aan sy wil. Gehoorsaamheid was die eerste toets wat Adam en Eva gedruip het. Jesus Christus was volmaak gehoorsaam. Slegs in persoonlike gemeenskap en oorgawe aan Hom is ons in staat tot gehoorsaamheid.

Vermoedelik het die gemeente nie op die regte wyse teenoor hulle voorgangers opgetree nie. Daarom word hulle tot gehoorsaamheid en onderdanigheid vermaan. Christus stel voorgangers aan. Ter wille van hulle ampswerk eis Hy gehoorsaamheid en onderdanigheid. Hulle doen hulle dienswerk nie op eie gesag of vir hulle eie belangrikheid nie. As gesante het hulle 'n ontsagwekkende verantwoordelikheid. Hulle sal eendag rekenskap moet gee. Hulle moet waak oor die gemeente se siele (ewige bestemming).

Afdwaling van die gesonde leer, traagheid en onwilligheid om eiewillige weë te verlaat, is ongehoorsaamheid. Lidmate moet bereid wees om na God se wil te luister. Deur ongehoorsaamheid stel hulle hul eie siele in gevaar. Verset en opstand teen God (en sy wil) word soms op die voorgangers uitgehaal. Wantroue, aantygings, miskenning en verguising het negatiewe gevolge. Die gemeente ly self daaronder.

Lidmate dra self die gevolge van verdorwenheid wanneer voorgangers in hulle dienswerk kouer raak. Waar God se wil geminag of verwerp word, word die voorganger se dienswerk moeiliker gemaak. Lidmate moet daarvoor sorg dat hulle taak makliker gemaak word. Dan sal hulle hul dienswerk met groter ywer, geesdrif en blydschap doen – en nie al sugtend nie.

Dit is ook in hulle eie belang om vir voorgangers te bid. Bid dat God hulle die nodige insig, geesdrif, ywer, moed en krag sal gee. Dan sal hulle nie ontsteld, moedeloos en swarmoedig word wanneer opstandig of moedswillig teenoor hulle opgetree word nie.

*Sing: Psalm 25:2 (Totius)*

*Ds. WP van der Merwe (Queenstown/Dordrecht)*